CVO-SKOOL PRETORIA

PROSPEKTUS

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD EN UITNODIGING..... 3

GESKIEDENIS VAN CVO..... 4

ROEPING EN STREWE..... 6

TAAK EN OPDRAG VAN ONS SKOOL..... 7

CVO-SKOOL PRETORIA SE WAARDESTELSEL 8

TOELATING EN KEURING..... 10

SKOOLGELDE EN FINANSIËLE REËLINGS..... 12

SKOOLORGANISASIE EN -BESTUUR..... 14

SKOOLLIED EN -WAPEN..... 16

DIE SIMBOLIEK VAN ONS SKOOLWAPEN..... 17

EREKODE..... 18

VAKKEUSES..... 19

DISSIPLINÊRE KODE..... 21

BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE..... 23

MERIETETOEKENNINGS..... 24

TOELATINGSBELEID EN BCVO-LIDMAATSKAP..... 24

CVO-Skool Pretoria

CVO-SKOOL PRETORIA IS ‘n ONAFHANKLIKE SKOOL MET DIE VOLGENDE KENMERKENDE EIENSKAPPE:

OUERBESIT	Die skool word onafhanklik van die staat, ten volle deur die ouergemeenskap self, bestuur.
GEVESTIG	CVO-Skool Pretoria bestaan uit ‘n volwaardige laerskool en hoërskool (Graad 0 tot 12) wat op dieselfde terrein gehuisves word. Die skool besit sy eie terrein en het reeds sy eie infrastruktuur gevestig.
SELFSTANDIG	Die ouergemeenskap is steeds besig met die uitbou en verbetering van die terrein en fasiliteite en is self verantwoordelik vir die instandhouding daarvan. Matrikulante het in 1995 en 1996 die openbare matriek-eindeksamen suksesvol afgelê. Sedert 1997 word die BCVO-Eksamenraad se eie Senior Sertifikaateksamen afgeneem, en deur UMALUSI geakkrediteer.
TOEGANKLIK	CVO-Skool Pretoria is geleë in Lynnwoodweg, Pretoria, ongeveer 4 km oos van Hans Strijdomweg, naby die N4-snelweg.
BEKOSTIGBAAR	Skoolgeld is bekostigbaar. Tariewe word so laag moontlik gehou, sonder om die selfstandige voortbestaan van die skool in gedrang te bring. (Daar bestaan ook 'n Beursfonds wat in verdienstelike gevalle, 'n bydrae kan maak tot ’n deel van die skoolgeld.)

Ons bied aan Afrikanerkinders die geleentheid om hoë gehalte skoolopleiding te ontvang in ‘n unieke Christelik-Calvinisties-Protestantse atmosfeer.
As u en u gesin ons grondslag, strewe en oogmerke onderskryf, nooi ons u vriendelik uit om by ons te kom aansluit ter wille van u kinders se opvoeding. Skakel die Maatskappybestuurder, Skoolhoof of die Direksie vir meer inligting.

Adres van die Maatskappybestuurder en Direksie: ***Tel / Faks:***

CVO-Skool Pretoria (012) 809 0127 of
Posbus 75385 809 0976
Lynnwoodrif
0040

E-pos adres: cvopta@bcvo.co.za
Internet adres: www.cvopta.co.za
[Faks: [088012 80 90 127]

VOORWOORD EN UITNODIGING

Die Direksie (Opvoedingsraad) wil hiermee graag 'n hartlike uitnodiging rig aan almal wat die saak van Christelik-volkseie Onderwys vir Afrikanerkinders op die hart dra om by ons aan te sluit, sodat ons saam die skool verder kan uitbou. Hierdie prospektus omskryf kortliks die etos en werkswyses van CVO-Skool Pretoria vir voornemende en bestaande ouers van die skool.

CVO-Skool Pretoria is geaffilieer by die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys (BCVO). Ons skool is in 1992 as die eerste CVO-Skool opgerig, om Christelik-volkseie opvoeding aan gedoopte kinders van gelowige Christen-Afrikanerouers te bied.

Die skool se geloofsgrondslag word bepaal deur die Christelik-Calvinisties-Protestantse geloofsbelydenis, soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid. Die skool se volkseie grondslag word bepaal deur sy verbondenheid aan die Afrikanervolk, sy geskiedenis en ideale.

Die skool bied gehalte-onderrig met persoonlike aandag deur 'n uitstaande professionele korps van toegewyde personeel in afsonderlike klasse vir elke graad, van kleuters tot graad 12. Die norm vir klasgrootte is minder as 30 leerlinge per klas. Die skool moedig selfwerksaamheid aan en pas dit waar moontlik toe deur die onderhoud en uitbreiding van die terrein en skoolgeboue deur volkseie arbeid van die kinders en ouers self.

Almal wat die belange van ons skool op die hart dra en ons wil ondersteun, word hartlik uitgenooi om aan te sluit by ons baie aktiewe kring van “Vriende van CVO-Skool Pretoria”. Bydraes by wyse van skenkings en debietorders - ook om minder bevoorregte volksgenote in staat te stel om hulle kinders 'n behoorlike CVO-opvoeding te gee - word baie hoog op prys gestel. Skakel gerus met die Direksie, die Maatskappybestuurder, Skoolhoof, of onderwyspersoneel as u enige verdere inligting verlang of aansoek wil doen om toelating.

Uitgereik namens
DIE DIREKSIE: CVO-SKOOL PRETORIA

GESKIEDENIS VAN CVO

Tans bevind die Afrikanervolk hom weereens onder 'n volksvreemde owerheid wat ongetwyfeld sy eie plan vir die onderwys in die mou voer. Gevolglik bevind ons ons by die kruispad om ons óf daarin te berus en ons kinders daaraan uit te lewer, óf om vir ons kinders 'n nuwe tuiste te skep.

Dit is nie die eerste keer dat ons volk voor hierdie keuse te staan kom nie. Reeds na 1820 het Lord Charles Somerset die "groothartige gebaar" gemaak om gratis onderwys aan te bied ... Terselfdertyd het hy egter die skole as werktuie van verengelsing begin aanwend. Ongeag hul armoede, het ons voorsate die geskenk van die hand gewys en begin met die daarstelling van privaat CNO skole, sodat die staatskole gekwyn het, terwyl die privaatskole gefloreer het. In die jare tussen 1830 - 1838 het die privaatskole vanaf 39 tot 94 toegeneem. Dieselfde verloop van sake het hom natuurlik weer na 1902 herhaal toe dit Lord Alfred Milner was wat die volk wou verengels.

Vandag is verengelsing nie soseer die doel nie, maar wel die vorming van 'n nuwe veelrassige nasie. Met dit voor oë word dit onmoontlik om suiwer Christelik-volkseie onderwys in die staatskole te verseker soos wat dit in die verlede moontlik was. Gevolglik was daar weereens mense wat begin het om hulle te beywer vir 'n beweging vir Christelik-volkseie skole.

Op 15 Maart 1989 is die Raad vir Christelik-volkseie onderwys gestig. Na baie werk is die CVO-grondslagdokument aan die Superintendent-generaal van Onderwys voorgelê en is daar op 12 November 1990 amptelik erkenning aan die CVO-beweging gegee.

Sedert Januarie 1991 is met skoolstigtings begin. Teen 1998 was daar reeds sowat 60 CVO-skole dwarsoor ons land. Stigting van nuwe CVO-skole gaan landswyd steeds onverpoosd voort. (Kyk gerus by die BCVO se webwerf by www.bcvo.co.za vir meer inligting oor die BCVO en ander skole in die BCVO-familie.)

Matrikulante van ons CVO-Skool het reeds aan die einde van 1995 en 1996 die Senior Sertifikaateksamen (matrikulasie-eksamen) met baie groot sukses afgelê.

Die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO) - in vennootskap met die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) - ontwikkel vakfilosofieë en kurrikulums. Die OAER (Bestuur naas BCVO-Matriekeksamen) is amptelik erken as eksamineringsliggaam deur die SA-Sertifiseringsraad (UMALUSI). Die BCVO-Eksamenraad reël die afneem, nasien en administrasie van die BCVO se Senior Sertifikaateksamen, wat vanaf einde 1997 by geakkrediteerde CVO-skole afgeneem word. Ons skoolverlaters pas goed aan en presteer waar hulle hulle na skool bevind.

Die BCVO koördineer ook die skakeling tussen CVO-skole onderling en pak gemeenskaplike projekte aan. Voorbeelde van projekte wat reeds op hierdie wyse met groot sukses deurgevoer is, is nasionale koorkompetisies, kultuurdae en kunswedstryde, nasionale CVO-atletiekdae, streekatletiekbyeenkomste, wintersportdae ens.

ROEPING EN STREWE

Die CVO-Skool Pretoria handhaaf te alle tye vriendelik en beslis, maar ook onbeskaamd, sy grondslag van geloof in die Drie-enige God en sy verbondenheid aan die Afrikanervolk. In nederige afhanklikheid aanvaar ons God se opdrag aan ons om ywerig te werk en erken ons dat ons pogings slegs vrug sal oplewer as God ons in Sy genade aansien en Hy aan ons die vrug op ons arbeid gee.

In hierdie gesindheid wil ons deur ons ywer en toewyding ons skool laat groei tot 'n toonaangewende Christelik-Afrikaanse skool in Pretoria. Daarvoor beoog ons om die krag en geleentheid wat geskep word deur 'n godsdienstig- en kultureel-eendragtige ouer- en kindergemeenskap ten volle te benut. Ander groepe en gemeenskappe sien al meer op na ons skool vir leiding, ondernemende benaderings en steun, om gehalte opvoeding met die regte waardes oral in die breër Afrikanergemeenskap hervestig te kry en in stand te hou; eerstens in Pretoria, maar daarnaas ook elders in ons vaderland. Ons sien dit as ons roeping om toe te sien dat Christelik-volkseie Onderwys vir elke verbondskind binne die Boere-Afrikanervolk in ons omgewing beskikbaar en toeganklik is.

Die skool plaas klem op en blink uit in die gehalte van die opvoeding wat aangebied word sodat matrikulante die volwasse lewe ingaan as stabiele, gebalanseerde jong mense met 'n Christelik-volkseie lewens- en wêreldbeskouing en waardestelsel. Jongmense wat by ons skool afstudeer, sal toegerus wees met kennis en vaardighede om selfstandig en ondernemend te dink en op te tree, ook gereed om leiding te neem op die verskillende lewensterreine, elkeen volgens sy eie roeping, vermoë, persoonlikheid en belangstellings.

TAAK EN OPDRAG VAN ONS SKOOL

Ons skool se taak is om 'n uitnemende en bekostigbare opvoedingsdiens met die handhawing van ons unieke godsdienstige en volkseie karakter aan verbondsouers en -kinders wat Afrikaners is, te lewer.

Met die genade van Bo en in verantwoordelikheid teenoor God en ons ouergemeenskap sal ons deur ondernemende benaderings, uitnemende bestuur en effektiewe benutting van al die hulpbronne wat tot ons beskikking is en gestel word, in ons strewe volhard.

STRATEGIE, STREWE EN MEESTERPLAN

Die CVO-Skool se ouergemeenskap word aktief betrek in die daarstelling, hersiening en deurvoering van planne ter bereiking van ons kort-, medium-, en langtermynoogmerke. Die aktiewe belangstelling, bydraes en medewerking van ouers en ondersteuners in hierdie proses word deur die Direksie aangemoedig en verwelkom.

CVO-SKOOL PRETORIA SE WAARDESTELSEL

Die waardes hierna is gelys in prioriteitsorde sodat dit benut kan word as 'n rigtinggewende maatstaf by alle besluite deur die Direksie en personeel van die skool. Die waardestelsel is ook 'n uitdrukking van die etos van die skool en moet as sodanig deur elke personeellid eerbiedig en uitgedra word. Dit moet ook deur elke ouer en elke leerling aanvaar en onderskryf word. Diegene wat nie 100% daarmee kan assosieer nie, moet dit nietemin aanvaar dat die etos van die skool nie om hulle onthalwe aangepas en verander kan word nie.

1. Christelik-Calvinisties-Protestantse aard en karakter - wat primêre opvoedingsgesag en verantwoordelikheid van verbondsouers erken.

Hierdie waarde moet ook uitgeleef word deur ouers, byvoorbeeld deur lid te wees van 'n kerk wat dit onderskryf asook in die opvoeding tuis.

2. Afrikaner-Volkseie skoolgemeenskap waar moedertaal-onderrig in Afrikaans, gegee word.

’n Afrikaner word vir hierdie doeleindes omskryf as 'n Suid-Afrikaner met Westerse kultuur, wat hom/haar vereenselwig met die Boere-Afrikaner se geskiedenis en ideale soos gedemonstreer deur die stryders in die Groot Trek en Eerste en Tweede Vryheidsoorloë, asook sy geloftes voor God soos wat op 16 Desember elke jaar herdenk word.

Die skool as kultuuromgewing is primêr lojaal en verantwoordelik aan sy ouergemeenskap.

3. Uitnemende gehalte onderrig waardeur hoë standaarde gehandhaaf word

Ons bly gerig op die optimale ontwikkeling van die kind se toekomspotensiaal, met die ingesteldheid van voortdurende verbetering en uitbouing. Die skool moedig aktiewe, gesonde, kritiese en ondersoekende denke aan.

4. Vertroue in en respek vir ons mense (personeel, ouers en kinders) met handhawing van integriteit en selfbeheer ooreenkomstig die waardestelsel

Selfdissipline (selfbeheer) met handhawing van integriteit is die primêre bestuursmeganisme. Hierby word ingesluit aspekte soos eerlikheid, regverdigheid, redelikheid, gebondenheid aan ondernemings, ensovoorts.

5. Koste-effektiewe diens aan ouergemeenskap

Die skool word bestuur deur 'n Direksie, Hoof, Maatskappybestuurder en personeel wat ingestel is op kliënt-tevredenheid. Dit is van kardinale belang dat die ouer altyd moet voel soos 'n gewaardeerde kliënt. Dit geld ook vir enige besoeker wat hom in ons geledere of op ons terrein mag bevind.

Die Direksie en personeel kommunikeer met en betrek ouers sover moontlik by besluite en die uitvoering daarvan.

6. Handhawing van orde en dissipline en erkenning van gesag van ouers, onderwysers en Direksie

Alle gesag word primêr afgelei uit die Woord van God.

Die uitoefening van gesag in die skoolgemeenskap word voortdurend getoets teen die vereistes van die waardestelsel.

Ouers, deur die Direksie, het die primêre seggenskap oor die geldigheid en waarde van die inhoud van onderrig en opvoeding. Leerkragte moet te alle tye gerespekteer word in dit wat hulle doen. Wettige gesag mag onder geen omstandighede deur 'n ouer, kind of onderwyser ondermyn word nie.

Die ordelike werkswyses wat geskep is vir die hantering van ontevredenheid en konflikte, word omskryf in die ’Dissiplinêre kode vir ouers en personeel by CVO-Skool Pretoria’, en moet streng nagevolg word. Navrae en probleme moet by die Hoof of Dagbestuur van die Direksie aangemeld word, sodat die saak behoorlike aandag kan geniet. Die Direksie, as ouerverteenwoordigers, gekies uit die geledere van die ouers, is in vennootskap met die personeel verantwoordelik teenoor die ouergemeenskap, vir die bestuur van die skool. (Raadpleeg die ’Dissiplinêre kode vir leerlinge en personeel by CVO Skool Pretoria’, wat by inskrywing aan ouers beskikbaar gestel word, vir besonderhede oor die ordelike wyse waarop leerlingprobleme hanteer word.)

ALGEMENE OPMERKINGS OOR DIE ROL EN BENUTTING VAN DIE WAARDESTELSEL:

Alle optredes en besluite in verband met die skool word deur die waardestelsel gerig en moet voortdurend daarteen getoets word.

Afwykings van die waardestelsel wat nie self opgelos kan word nie, moet sonder versuim onder die aandag van die Hoof en Direksie gebring word.

TOELATING EN KEURING

Die skool is opgerig vir kinders van verbondsouers van die Afrikanervolk wat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte aanvaar. (Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis.)

Daar word van ouers verwag om die toelatingsbeleid van die BCVO te onderskryf en aansoek te doen om lidmaatskap van die BCVO.

Die BCVO koördineer en bevorder die belange van lidskole en Christelik-volkseie Onderwys in die algemeen, deur die bedryf van byvoorbeeld die BCVO-matriekeindeksamen, BCVO-kultuur en -sportgeleenthede. Die koste verbonde aan hierdie dienste word by wyse van ’n heffing op skoolgelde deur skole oorbetaal. Geen bykomende lidmaatskapgeld word van ouers met kinders by BCVO-lidskole vereis nie.

'n Onderhoud word voor toelating met ouers gevoer om hulle te ontmoet en die geleentheid te gee om alle onduidelikhede uit te klaar. Kinders *moet* die ouers vergesel na die onderhoud met hul mees onlangse rapporte van skoolopleiding. ‘n Gesprek met die skoolhoof oor vakke en die inpas van leerlinge is noodsaaklik. Aansoek vir hertoelating moet jaarliks ingedien word.

Dit word van alle ouers verwag om die primêre verantwoordelikheid vir die *opvoeding en dissipline* van hulle kinders te aanvaar, aktief met die skool saam te werk, die waardestelsel soos uiteengesit in hierdie dokument te alle tye te handhaaf en by die skool in te skakel. Die aktiewe ondersteuning en opbouende deelname van ouers aan ouervergaderings en verskeie lopende projekte is onontbeerlik. Die vele projekte wat reeds met groot sukses voltooi is, kan alleen maar toegeskryf word aan die genade van God Drie-enig, wat deur die deelname van gemotiveerde ouers ons tot groot dinge in staat stel. Met elke unieke kundigheid, vermoë of hulp wat tot ons beskikking gestel word, bou ons ons skool so steeds verder uit!

Die ouervergadering het besluit om ‘n minimum van 11 gesinswerksbeurte van 4 uur te vereis van elke ouer. (Vir gewone gesinne behels dit dus arbeid of diens van 8 manuur deur volwassenes per werksbeurt.) Ouers wat weens bepaalde omstandighede verkies om hulle verpligtinge ten opsigte van werksbeurte op ander wyses as deur deelname aan die normale geskeduleerde werksbeurte na te kom, moet dit vooraf met die Direksie bespreek en ooreenkom. Enkele van die moontlikhede wat in hierdie verband genoem kan word, is vooraf goedgekeurde projekte wat by die huis op eie tyd gedoen kan word vir die skool, werk as lid van taakspanne of ander bydraes in belang van die skool. Alternatiewelik kan ’n finansiële reëling met die Direksie getref word, indien die ouers op geen wyse werksbeurte kan verrig nie. Die geldelike waarde van ‘n werksbeurt word van tyd tot tyd deur die ouervergadering bepaal. Bevredigende reëlings vir die afhandeling van werksbeurtverpligtinge is noodsaaklik vir die instandhouding en uitbouing van die skoolterrein, geboue en fasiliteite, ten einde bekostigbare skoolgeld deurgaans te verseker.
(Kyk by “Skoolgelde en Finansiële reëlings” vir besonderhede.)

Die ouervergadering van November 2008 het egter besluit om vir ‘n proeftydperk van 6 maande werksbeurte af te skaf, mits positiewe ouerbetrokkenheid steeds voldoende is. ‘n Finale besluit sal gedurende Mei 2009 geneem word.

Ouers moet aan die einde van elke jaar aansoek doen vir hertoelating van hulle kinders vir die daaropvolgende jaar. Die doel met heraansoeke en opvolg-onderhoude is om die Direksie in staat te stel om behoorlik te beplan vir die nuwe jaar en om in gesprek te tree met ouers waar nodig. Hertoelating vind meestal plaas sonder ‘n onderhoud. Aspekte wat tydens opvolgonderhoude ter sprake mag kom, is voldoening aan toelatingsvereistes, probleme wat ondervind mag word met ouerbetrokkenheid, deelname aan werksbeurte, finansiële reëlings, ens. Gevalle waar die omstandighede van 'n ouer sodanig verander dat hy/sy nie meer ten volle voldoen aan die toelatingsvereistes nie, word na die Direksie verwys vir herkeuring elke jaar en dit mag gebeur dat die betrokke ouers hul stemreg verloor. Die ouers sal nie toelating van hul kinders geweier word nie, tensy die veranderde omstandighede direk indruis teen die beginsels van die skool.

Let op dat die klem op die keuring van ouers val. Kinders se optrede en gedrag word veral deur dissiplinêre maatreëls hanteer. Daar word egter daarop gelet dat kinders in hulle bepaalde situasie sal kan baat by die normale onderrigsituasie in die skool.

Aansoekvorms vir toelating, is beskikbaar by die Maatskappybestuurder en moet na voltooiing by die kantoor ingehandig word, gemerk vir aandag van die Maatskappybestuurder.

SKOOLGELDE EN FINANSIËLE REËLINGS

SKOOLGELD

Die skool poog om skoolgelde so laag moontlik te hou, sonder om die skool se selfstandigheid of onderrigstandaarde in gedrang te bring. Skoolgeld word deur die ouervergadering beraam vir die volgende jaar. Finale vasstelling van skoolgeld vind egter gedurende die eerste ouervergadering van die jaar plaas, vir huidige gesinne, op ‘n vlak wat ten minste gelykbreek op die begroting moontlik maak.

Die skoolgeld sluit die BCVO-diensheffing per kind in. Skoolgelde word jaarliks hersien en word bepaal deur die aantal kinders in die skool sowel as die oorhoofse koste verbonde aan die skool. Skoolgeld is maandeliks vooruitbetaalbaar vir twaalf maande van die jaar.

Matrikulante wat die Senior sertifikaateksamen wil aflê, betaal ‘n eksamenfooi aan die BCVO Eksamenraad wat jaarliks deur die BCVO bepaal word.

TOETREEGELD

Vir die befondsing van kapitale uitgawes, of te wel, die daarstelling van fasiliteite (terrein, geboue, toerusting) word toetreegelde eenmalig by aansluiting van 'n gesin by die skool betaal. Dit is gelykstaande aan vier maal die maandelikse skoolgeld van die oudste leerling in die gesin. Vir 3 – 4 jariges betaal ouers nie intreegeld nie en vir Gr. 0 en 1 betaal ouers slegs 2 maande se skoolgeld as toetreegeld. Alternatief kan 'n rentevrye belegging van 'n bedrag gelykstaande aan minstens een jaar se skoolgeld vir 'n minimum van vier jaar by die skool belê word of wanneer die laaste kind in die gesin die skool verlaat.

WERKSBEURTHEFFING

Daar word van elke gesin verwag om ten minste 11 gesinswerksbeurte per jaar te voltooi. Indien omstandighede sodanig is dat ‘n gesin nie werksbeurte kan bybring nie, kan ‘n finansiële reëling alternatiewelik gemaak word, om die nodige instandhouding te verrig.
Hierdie werksbeurte is onder andere noodsaaklik vir die instandhouding van die terrein, geboue en fasiliteite ten einde bekostigbare skoolgelde te verseker.

AANKOOP VAN BOEKE, TOEBEHORE EN SKOOLKLERE

Ouers is verantwoordelik vir die aankoop van boeke, persoonlike toebehore en toerusting, en skoolklere. Hergebruik van handboeke word ondersteun om koste vir ouers te verlaag. Handboeke is ook te huur by die kantoor.

BEURSE EN ALTERNATIEWE BETALINGSWYSES

In verdienstelike gevalle kan ouers die Direksie nader, met volle motivering, oor alternatiewe wyses om verpligtinge teenoor die skool na te kom of aansoek doen vir 'n beurs om 'n gedeelte van die skoolfooie te dek.

Ouers word uitgenooi om sodra die behoefte ontstaan vroegtydig vertroulik met die Direksie in gesprek te tree oor alternatiewe metodes om hulle verpligtinge teenoor die skool ten volle na te kom.

INVORDERINGSBELEID

Skoolgelde moet tydig vereffen word, by wyse van debietorders of vooruitbetalings. In gevalle van omstandighede buite ouers se beheer moet *onmiddellik* met die skool in verbinding getree word, verkieslik per brief aan die Direksie. Agterstallige rekenings waarvoor nie betyds alternatiewe reëlings getref word nie, sal na 60 dae aan invorderaars oorhandig word vir invordering. Invorderingskoste is vir die rekening van die betrokke ouer en rente word maandeliks op agterstallige rekenings gehef. 'n Ouer wie se rekening nie volledig betaal is by die skool nie, verbeur sy stemreg tot tyd en wyl dit reggestel is. Kinders kan ook toelating tot eksamens geweier word en hulle rapporte kan terug gehou word.

VRIENDE VAN CVO-SKOOL PRETORIA

Ouers, grootouers, oud-leerlinge en vriende van huidige of toekomstige gesinne van die skool, wat die belange van ons skool op die hart dra, word hartlik uitgenooi om aan te sluit by ons baie aktiewe kring van “Vriende van CVO-Skool Pretoria”. Deur u bydraes en kundigheid kan u help bou aan ’n grootse ideaal en trotse sieraad vir ons geloofs- en volksgemeenskap. Kontant- en boedelskenkings tot ons skool se kapitaal of beursfonds kan ’n groot bydrae lewer om gehalte-onderrig by ’n geloofs- en volksgebonde onafhanklike skool vir meer van ons mense toeganklik te maak.

SKOOLORGANISASIE EN -BESTUUR

Die skool word bestuur as ’n geregistreerde Artikel 21 maatskappy - sonder winsbejag.

OUERVERGADERING

Die ouervergadering is die vergadering met die hoogste gesag. Bywoning van ouervergaderings is verpligtend vir alle ouers.

DIREKSIE / OPVOEDINGSRAAD (OR)

Die Voorsitter, Ondervoorsitter en nog 7 lede van die Direksie word jaarliks deur die ouers verkies en bestuur die skoolsake in samewerking met die onderwyspersoneel en die breë ouergemeenskap. Die Hoof en Senior-adjunkhoof dien ampshalwe op die Direksie. Direksie-lede dien as voorsitters van taakspanne. Die Maatskappybestuurder dien as sekretaris op die Direksie.

Drie bykomende lede kan ook as voorsitters of koördineerders van taakspanne gekoöpteer word om op die Direksie te dien op grond van hulle spesialiskundigheid, indien nodig. Die koöptering word op aanbeveling van die Direksie deur die ouers goedgekeur.

Die dag-tot-dag bestuur van die skool en opvoeding word deur die Hoof en personeel behartig. Sake waaroor die skoolhoof en personeel nie by magte is om oor te besluit nie en onmiddellike aandag verg, word na die Dagbestuur van die Direksie verwys.

Die Dagbestuur van die Direksie bestaan uit:

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Voorsitter: Finansies
- Skoolhoof
- Maatskappybestuurder

Ouervergaderings (ledevergadering) geskied kwartaalliks. Direksie vergaderings geskied maandeliks. Spesiale vergaderings van die Direksie en spesiale ouervergaderings kan geskeduleer word wanneer dringende sake voorval.

TAAKSPANNE

Taakspanvoorsitters of koördineerders word jaarliks deur die Direksie uit sy eie geledere aangewys. Alle ouers moet by ten minste een van die taakspanne inskakel. Aktiewe deelname aan en funksionering van die taakspanne verseker deurgaans ‘n effektiewe en koste-doeltreffende CVO-Skoolmodel.

Die volgende taakspanne bestaan tans, maar kan uitgebrei of verminder word soos nodig op aanbeveling van die Direksie deur die ouervergadering:

- Bemarking
- Beveiliging en sekuriteit
- Gesondheid
- Finansies en administrasie
- Fondsinsameling
- Bevordering van Christelik Volkseie Uitnemende Onderwys
- Instandhouding (geboue, fasiliteite, terrein en sportgronde)
- Projekte (beplanning en implementering)
- Sport en sportterrein

Die volgende administratiewe, akademiese en opvoedkundige aktiwiteite word deur die Maatskappybestuurder, Skoolhoof en Onderrigbestuurspan onderskeidelik, onder toesig van die Direksie, hanteer:

- Administrasie
- Onderrig- en Personeel-aangeleenthede
- Liggaamlike en Avontuuropvoeding (Sport en toere)

Taakspanne se werksterreine en werkswyses is geformuleer in elke taakspan se beleidsdokument, wat ook deur die taakspan op datum gehou word. Taakspanne rapporteer op gereelde basis hieroor, asook oor vordering met take aan die Direksie.

SKOOLKALENDER

VAKANSIES EN VAKANSIEDAE

Die skool volg weens praktiese oorwegings naastenby dieselfde skoolkalender as die staatskole in die omgewing. Godsdienstige vakansiedae met Christelike aard word eerbiedig. Op Volkseie herdenkingsdae word, waar moontlik, ons eie kultuurgeleenthede gereël. Die geleenthede wat deur volksvreemde vakansiedae geskep word, word benut as volwaardige skooldae (tensy die ouervergadering op aanbeveling van die Direksie vir ‘n bepaalde vakansiedag ‘n ander reëling tref).

SKOOLLIED EN -WAPEN

Ons dien die Here wat ons lei,
Hy sterk ons elke dag.
Ons wy onsself aan Hom deur Wie
ons alles kan vermag.

Ons anker bly die Woord van God,
dit sterk ons in ons stryd.
Geloof en hoop en liefde is
die einddoel van ons vlyt.

Ons sal leef
ons sal werk
tot die eer van onse Heer.
Eie land, eie volk
ons geloftes is ons eer.

In die hoofstad van die ou Transvaal
handhaaf ons ons eie moedertaal.
Dìs ons strewe wat ons dra:
CVO Pretoria!

Skoolwapen:



DIE SIMBOLIEK VAN ONS SKOOLWAPEN

1. Kleure

   Die kleure van die Vierkleur van Transvaal:

   "Die **rooi** roep iedereen daartoe dat ons met ons bloed ons vryheid sal verdedig.

   Die **wit** staan vir reinheid en suiwerheid en vertel aan die vyand dat ons alleen met die edelste bedoelings sal stry en dat ons ons bloed sal laat vloei vir die vryheid.

   Die **blou** sien op na die hemel, die tentgordyn wat bo ons hoofde gespan is en dui aan dat die volk op God alleen vertrou.

   Die **groen** is die simbool van hoop.

   So beteken die kleure van die vlag dat ons vertrou, om met Gods hulp in reinheid en suiwerheid van bedoeling, ons vryheid te handhaaf en bid ons God dat geen menslike mag ons ooit dié vryheid sal ontneem nie".

2. Die swaelstertlas by die skildhoof is baie sterk - dit hang saam met geanker in God.

3. Die ankerkruis dui op die vaste vertroue in Jesus Christus.

4. Die wawiel wys heen na ons volkseie heraldiek.

5. Die volkseie is ondergeskik aan die Christelike.

6. Die Woord van God is die enigste vaste anker.

EREKODE

1. Ons gee in ons skool en lewe die ereplek aan die Drie-enige God en Sy Woord. Ons glo dat die vrese van die Here die beginsel van wysheid is (Spreuke 9:10).

2. Ons streef al die Christelike lewensbeginsels, soos in God se Woord vervat, na en respekteer dit te alle tye.

3. Ons onderneem om te woeker met die talente wat God aan ons toevertrou het en beywer ons om elke taak met hart en siel aan te pak om sodoende goeie rentmeesters te wees. (Matt 25:14-30 en Kol 3:17, 23)

4. Ons streef daarna om die vrug van die Gees in ons lewe gestalte te gee, nl om: liefde; blydskap; vrede; lankmoedigheid; vriendelikheid; goedhartigheid; getrouheid en sagmoedigheid te handhaaf en ten volle uit te leef. (Gal 5:22)

5. Ons is getrou aan ons taal, ons volk en ons land en sal altyd die tradisies en kultuur van ons volk in ere hou.

6. Ons streef daarna om eerlik, opreg, hulpvaardig en getrou te wees (Fil 1:5, 8) en innerlike dissipline te ontwikkel. Ons woord sal altyd ons eer wees. (Kol 3:9 en Ef 4:25)

7. Ons sal, deur getrou en lojaal te wees, ook in die klein dingetjies, daarna streef om die eer en goeie naam van ons skool te handhaaf en uit te bou, want 'n naam is verkiesliker as rykdom. (Spr 22:1)

8. Ons streef na die bevordering en uitbouing van hartlike, spontane en goeie verhoudinge tussen die leerlinge, ouers en personeel van ons skool.

9. Ons onderneem om ons skoolwerk en skoolplig eerste te stel en ons vrye tyd nuttig en tot God se eer te bestee.

10. 10. Ons streef daarna om ons opdrag om die Skepping te bewoon, te bewerk en te bewaar, tot in die kleinste deur te voer en daarom sal ons dus ook nie ons omgewing besoedel of beskadig nie. (Gen 1:28 en 1 Tim 4:12)

11. Ons gehoorsaam en respekteer ons ouers en onderwysers en tree hoflik op teenoor alle mense. (Ex 20:12, Rom 12:9, 10)

VAKKEUSES

Graad 8 en 9

In gr. 8 en 9 het die leerlinge slegs verpligte vakke.

(i) VAKKE (Graad 8 en 9)

Elke dag begin met Wyding.

<u>Verpligte bevorderingsvakke</u>
Bybelonderrig
Afrikaans
Engels
Natuurwetenskap
(Wetenskap en Biologie)
Wiskunde
Sosiale Wetenskap
(Geskiedenis en Aardrykskunde)
Tegnologie
Ekonomiese Bestuurswetenskap
(Rekeningkunde, Ekonomie en Bedryfsekonomie)
Christelike Lewensoriëntering

Graad 10, 11 en 12.

By die maak van vakkeuses vir grade 10, 11 en 12 moet vakke so gekies word dat dit inpas by BCVO vakversamelings soos dit in die Handleiding Vir Sekondêre Onderwys voorgeskryf word.

(i) STUDIERIGTINGS

Alle keusevakke word ten opsigte van hul aard in studierigtings gegroepeer. Die wese van 'n studierigting word bepaal deur ten minste twee vakke wat onder die spesifieke studierigting tuishoort. Ons skool bied die volgende studierigtings aan:

(a) Natuurwetenskaplike Studierigting:
Die kombinasie Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Inligtingstegnologie is eie aan die studierigting.

(b) Algemene Studierigting:
Vakversamelings in hierdie studierigting is algemeen van aard en bevat nie kombinasies van vakke wat eie aan 'n bepaalde studierigting is nie.

(b) Handel Studierigting:
Rekeningkunde
Rekenaartoepassingstegnologie

Ekonomie

(ii) VAKKE

Verpligte bevorderingsvakke

- Afrikaans (Eerste Taal)
- Engels (Tweede Taal)
- Bybelonderrig
- Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid
- Christelike Lewensoriëntering

Keusevakke (eksamenvakke)

- Fisiese Wetenskap
- Lewenswetenskap (Biologie)
- Ingenieursgrafika en ontwerp (Tegniese Tekene)
- Rekeningkunde
- Inligtingstegnologie (Rekenaarstudie)(Na ure)
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Ekonomie
- Aardrykskunde
- Elektriese Tegnologie

LW Hierdie keusevakke word aangebied binne die voorgeskrewe vakversamelings soos deur die eksamenraad bepaal. Die volledige lys vakversamelings is by die skool beskikbaar. Die aanbied van 'n keusevak sal weer eens afhang van die aanvraag daarvoor. Bybelonderrig word in berekening gebring vir die berekening van 'n leerling se gemiddeld.

(iii) LEERLINGE WAT MEER AS DIE VOORGESKREWE VAKKE NEEM

Leerlinge mag meer as die voorgeskrewe vakke aanbied, maar dit sal op eie verantwoordelikheid en buite skoolure gedoen word. Punte in hierdie vakke moet aan die skool voorsien word. Punte van hierdie vakke word nie gebruik vir die berekening van die leerling se gemiddeld nie.

Matriekvakke moet in een jaar afgelê word.

DISSIPLINÊRE KODE

Dit is ouers se primêre verantwoordelikheid om dissipline by hul kinders te kweek en te handhaaf ook ten opsigte van stiptelike nakoming van skoolreëls. Die aanvaarding van die skool se dissiplinêre kode, skoolreëls en omskrewe dissiplinêre prosesse deur alle ouers en leerlinge, is 'n voorvereiste vir toelating. Die skriftelike uiteensetting van die goedgekeurde dissiplinêre kodes vir leerlinge, personeel en ouers word by inskrywing aan ouers beskikbaar gestel. Die skoolreëls is op navraag by die kantoor beskikbaar.

Appèl teen die toepassing van dissipline moet die voorgeskrewe volgorde en proses volg - tot by die aangewese appèlkomitee indien nodig. Opstand teen wettige gesag of onwilligheid om dissiplinêre maatreëls te aanvaar, bv. deur afwykings van die voorgeskrewe proses, kan lei tot tydelike of permanente skorsing of uitsetting uit die skool.

SKOOL- EN SPORTDRAG

Inligting oor die korrekte skooldrag en sportdrag is beskikbaar by die skoolkantoor. Die klere kan ook by die skoolkantoor aangekoop word.

REIS EN VERBLYF

Ouers tref self onderling waar nodig losies- en reisreëlings vir hulle kinders. Die stigting van 'n skoolkoshuis word beoog, sodra kapitaalfondse dit moontlik maak.

Bussies word op verskillende roetes deur Pretoria in die vooruitsig gestel soos wat kapitaal beskikbaar kom. 'n Groot aantal saamryklubs vir die vervoer van kinders na en van die skool word ook reeds bedryf op privaatinisiatief van groepe ouers, wat reiskoste onderling deel. Die ouervergadering het ook reeds besluit om ouers aan te moedig en te ondersteun om die inisiatief te neem om bykomende skoolbussies op roetes na en van die skool daar te stel.

LEERLINGRAAD

Die skool het 'n senior en 'n junior leerlingraad wat onderskeidelik leiding neem by die hoërskool- en laerskool-afdelings .

Kandidate vir die leerlingraad stel 'n manifes saam, waarin hulle hulle onderneming teenoor die skool, mede-leerlinge en personeel uiteensit. Die verkiesing van die leerlingleiers vind plaas onder leiding van aangewese personeellede, wat as voogde vir die leerlingraad optree.

Die hele personeel ondersteun die leerlingraad waar nodig met raad en daad in die uitvoering van hul pligte.

Die leerlingraad kry geleentheid om leiding te gee aan hul mede-leerlinge, deur verantwoordelikheid vir sinvolle aktiwiteite te aanvaar. As 'n taak verrig moet word, moet die organisasie daarvan waar moontlik deur 'n lid van die leerlingraad onderneem word. 'n Leerlingraadslid tree nie net as toesighouer op nie, maar gee leiding en stel 'n goeie voorbeeld deur self ook deel te hê aan die uitvoering van die taak.

Die leerlingrade tree ook gesamentlik op tydens algemene skoolfunksies, byeenkomste of gesamentlike aktiwiteite by die skool.

BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE

SPORT

Sport word primêr ter wille van die opvoedkundige waarde beoefen. Deelname word beklemtoon en 'n oordrewe klem op kompetisie word vermy. Die skool skakel in by streeks- en landswye sportgeleenthede en kompetisies wat onderling tussen CVO-skole, onder beskerming van die BCVO, gereël word. Dit sluit in: atletiek, landloop, netbal en rugby, krieket en skaak.

KULTUUR

Afrikaner-feesdae word deur die skool herdenk. 'n Kultuuralmanak word jaarliks uitgegee deur die BCVO om belangrike dae en gebeurtenisse uit die geskiedenis van ons volk in herinnering te roep.

'n Verskeidenheid aktiwiteite word deur die loop van die jaar aangebied om kinders die geleentheid te bied om binne en buite skoolure kultuur te skep en uit te leef. Geleenthede vir individuele en groepsdeelname word geskep, byvoorbeeld kunswedstryde, boeredae, koorsang, tradisionele boeredanse, debatte, revue, operette en/of toneelaande. Die skool skakel ook in by streek- en landswye kunswedstryde en kultuurfeeste wat elke jaar vir CVO-skole onder beskerming van die BCVO-kultuurraad gereël word.

Uitstappies en opvoedkundige toere na geskiedkundige plekke vind elke jaar plaas en word, waar sinvol, gekombineer met sport -en kultuurgeleenthede.

VELDSKOOL EN LEIERSKAPSKAMP

Daar word jaarliks veldskole gereël vir die graad 7 en 10 leerlinge, asook leierskapskampe vir leiers uit graad 6 en 11.

ANDER BUITE-AKTIWITEITE:

AFRIKANERVOLKSKULTUURBEWEGING VIR DIE JEUG

Heelwat leerlinge neem op vrywillige grondslag deel en gee leiding in die plaaslike afdeling van die Afrikaner Volkskultuurbeweging.

MERIETETOEKENNINGS

Talle toekennings - bekers, sertifikate en pryse - word jaarliks by meriete-aande aan die beste presteerders op die terrein van akademiese prestasie, gedrag, kultuur en sport toegeken. Voorbeelde van toekennings is:

1. Atletiek, rugby, netbal, ens: - *Bekers en Sertifikate*

2. Spesiale toekennings: *Suiwerste taalgebruik, Ambassadeur vir die skool, Sportmanskap, ens.*

3. Akademies: - *Onderskeidings in vakke.*

4. Akademies: - *Beste prestasies in 'n vak en graad.*

5. ‘n Afsonderlike meriete toekenningsplegtigheid word jaarliks vir die Junior Primêre Fase gehou waarin elke kind erkenning kry vir sy/ haar prestasie.

TOELATINGSBELEID EN BCVO-LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die BCVO is verpligtend vir alle ouers wat toegelaat word as lede van CVO Skool Pretoria. CVO Skool Pretoria is in eie reg ook ‘n lid van BCVO en het ‘n diensooreenkoms met die BCVO as aparte artikel 21 maatskappy (sonder winsbejag) gesluit. Ledegeld van die BCVO is ingesluit by die skoolgeld en word deur die skool aan die BCVO oorbetaal as diensgeld vir dienste wat aan CVO-skole gelewer word per kind. CVO-skole wat geaffilieer is by die BCVO ontvang waardevolle ondersteunende dienste vanaf die eksamenraad, onderrigraad, kultuurraad en sportraad van die BCVO.

Keuring vir lidmaatskap van die BCVO geskied op grond van die onderskrywing van die grondslag van die BCVO. Die kern van die Grondslag word in die volgende toelatingsbeleid saamgevat, wat ook dien as keuringsinstrument by alle CVO skole. Slegs ouers wat die toelatingsbeleid ten volle onderskryf kan oorweeg word vir toelating tot CVO Skool Pretoria.

TOELATINGSBELEID VAN CHRISTELIK-VOLKSEIE SKOLE

1. Die Toelatingsbeleid van CVO-skole staan op twee grondbeginsels:

1.1. Die Christelik-Protestantse geloof (*Calvinisties-gereformeerd)*, gegrond op die Bybel en toegelig deur slegs die drie belydenisskrifte (Drie Formuliere van Eenheid) te wete die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls.

1.2. Die uitleef van die Afrikanerkultuur, in besonder die kultuurbeskouing dat kultuur die gehoorsaamheid aan die Bybelse kultuuropdrag is en dat die Afrikaner se uitlewing daarvan onder andere vergestalt word in die Gelofte van Desember 1838 en die herbevestiging daarvan in Desember 1880.

2. Die Toelatingsbeleid is:

2.1 Die skool laat slegs kinders as leerlinge toe wie se ouers die Christelik-protestantse geloofsoortuiging soos verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid as persoonlike geloofsoortuiging bely en uitleef en dat alle ouers wel verbondsouers is.

2.2 Dat die Doopbelofte as Verbondsgelofte ten volle deur ouers nagekom sal word en dat die kinders dienooreenkomstig ook in die skool volgens die Calvinisties-gereformeerde leer onderrig sal word, d.w.s. dat die onderwys daarvolgens ingerig sal word.

2.3 Dat die voertaal en onderrigtaal van die skool Afrikaans sal wees en dat die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner as taal- en kultuurgroep gedenk en eerbiedig moet word.

2.4 Dat ouers punte 2.1, 2.2 en 2.3 moet onderskryf en aktief bevorder.

2.5 Dat ouers gekeur en tot lede van die skoolvereniging toegelaat word op grond van voldoening aan die vereistes hierbo gemeld en slegs kinders van ouers wat as lede van die skoolvereniging toegelaat is tot die skool toegelaat word. Hierdie lidmaatskap van die ouers aan die skoolvereniging geld slegs vir die duur van een akademiese jaar en alle ouers moet jaarliks weer heraansoek doen vir lidmaatskap.

2.6 Dat slegs kinders toegelaat word wat nie die dissipline en goeie orde van die skool sal ondermyn nie.

3. Verdere beleidsbepalings waaraan voldoen moet word is:

3.1 Dat ouers die wettige bestuurs- en onderrigstrukture en kommunikasiekanale van die skool in terme van die skool se oprigtingsdokumente, aanvaar en te alle tye eerbiedig.

3.2 Dat ouers en kinders hulle onderwerp aan die skoolreëls en landswette.

3.3 Dat ouers alle finansiële verpligtinge soos deur die CVO-skool bepaal stiptelik sal nakom.

4. Aanstellingsvereistes vir onderwys- en administratiewe personeel

Naas die vereiste akademiese en opvoedkundige kwalifikasies geld bogenoemde vereistes vir die toelating van ouers tot die skoolvereniging, mutatis mutandis vir die aanstelling van onderwys- en administratiewe personeel.

5. Definisie Bepalings

"Volkseie" dui hier op die omvattende kultuur van die Afrikaner, m.a.w sy ganse geestelike besitting insluitend die Afrikaanse taal.

"Ouers" , omvat 'n verwysing na die kind se biologiese ouers, grootouers, persone by wie die kind in pleegsorg is of enige persoon onder wie se direkte beheer en toesig die kind geplaas is en wie deur die bestuur van die skoolvereniging gekeur en bevind word aan die beginsels voldoen en geag word die ouer van die kind te wees

"Verbondsouers" is gelowige ouers wie se kinders gedoop is as teken daarvan dat hulle as verbondskinders ook in God se Genadeverbond ingesluit is.

"Skoolvereniging" verwys afhangend van die bepaalde skool se gekose bestuursvorm, na die artikel 21 –Maatskappy, Beslote Korporasie, Trust, Gemeenregtelike Vereniging of enige ander regsentiteit van watter aard ookal wat die betrokke CVO-skool bedryf.

"CVO-Skool" verwys na 'n Christelik-Volkseie Skool wat die beginsels van die toelatingsbeleid soos hierbo uiteengesit streng toepas.

"BCVO" verwys na die Beweging vir Christelik-Volkseie Onderwys wat as 'n Artikel 21-Maatskappy bedryf word.

Ek/ons die ondergetekendes bevestig deur die ondertekening van hierdie toelatingsbeleid dat:

- Ek/ons die dokument in sy geheel bestudeer het en die inhoud daarvan verstaan.
- Ek/ons die beginsels en waardes soos hierin uiteengesit volkome onderskryf as my persoonlike oortuiging, geloof en beginsels.
- Ek/ons onderneem om onverwyld met die Direksie/Opvoedingsraad in verbinding te tree, indien ek my onderskrywing van bostaande toelatingsbeleid in heroorweging neem.

Dit word van elke ouer verwag om by aansoek voor gesprek met die toelatingskomitee die plegtige verklaring ter bevestiging van onvoorwaardelike instemming met die grondslag van die skool te onderteken.